**NG Kerk Berg-en-Dal**
**Wyksbyeenkoms tussen Epifanie en Lydenstyd – Sondagaand, 11 Februarie 2024**

# Verskil, vervreem, veroordeel, verskeur... óf vind vergifnis, vrede en vrug!

**(Matteus 5 tot 7)**

Goeiedag/naand Berg-en-Dallers, vriende –

Dit is Februarie 2024 – die onbekende (skrikkel!)jaar... Hartlik welkom by ons eerste Wykskuier-en-gesels vir hierdie jaar; ’n middag- of aand se byeenkoms saam met medegelowiges in jou buurt, en waar ons gaan lees, luister, deel en saam bid oor een van die grootste uitdagings van ons tyd, hier plaaslik vanjaar, maar ook wêreldwyd:

**Hoe vind, maak en hou ons vrede met mekaar?**

Ons het vanoggend in die erediens (sien die Fokus-blaadjie of die YouTube-video) gehoor dat die Bergrede in Matteus 5 tot 7, as’t ware Jesus se “Staatsrede” was vir die “koninkryk van die hemele wat naby gekom het” (Mat. 4:17). En dat Jesus daarin ‘n radikale eis stel: “Wees volmaak soos julle hemelse Vader volmaak is” (5:48). Vanoggend se erediens en verkondiging wou ons help om te ontdek: **Die geheim van ‘n Christelike lewe lê in die hoogste ideaal én die diepste genade!** Om mee af te skop dus: Hoe het jy dié boodskap gehoor, en help dit jou nou die Bergrede verstaan en om in jou eie lewe daarmee te kan uitleef?

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

In die eerste gedeelte van die Bergrede – Matteus 5:1-12 – verras Jesus sy hoorders deur met “seënspreuke” te begin, nie verpligtinge nie, en hulle dan boonop “sout” en “lig” vir die wêreld te noem. Dít is die diepste identiteit en groot roeping vir elkeen wat Hom volg. In die hart van die Bergrede – Matteus 6:1-34 – gaan dit om die beoefening van “vroomheid” of “geregtigheid”, noem dit maar ons “geestelike lewe”; die oefeninge van hulp aan mense in nood (weldade/aalmoese); gebed en vas. By elkeen van hierdie praktyke noem Jesus dat God ons “Vader wat in die verborgene is” en dat Hy òns “verborge binnekant” sien; daarom, gaan eerstens in jou “binneste kamer” in en ontmoet God dáár (6:6), eerlik, eg, rou, openhartig – dít is die geboortegrond vir ’n lewe van vertroue, vrede en versorging (6:32-33). En dan, wéérskante van Matteus 6 – ons binneste lewe voor God – noem Jesus dan voorbeeld op voorbeeld van die impak wat ons as “sout” en “lig” op ons omgewing behoort te hê. Moeilike voorbeelde, inderdaad! Maar, éérs weer, sy herinnering aan wie ons regtig is:

..........................................................................................................................................
**(Matteus 5:9)**

Wat hoor jy in Jesus se woorde, konkreet, vir vandag, vir hier, vir jou? Waar vind ons vrede?

..........................................................................................................................................

(vir verder lees en nadink hier, lees gerus Matteus 6:12, 14-15, en Psalm 122 en 133, ook Johannes 14:25-27)

Nou, in sy Bergrede noem Jesus verskeie voorbeelde van met wie en hoe ons “vrede” moet maak – kom ons gesels daaroor:

**1) Matteus 5:21-26** –
Oor wie gaan dit hier? ..............................................................................................

Oor watter soort stukkendheid in verhoudings praat Jesus hier? ..................................................

Wat staan óns te doen? ..............................................................................................

Wat is vir ons moeilik hieraan? ..........................................................................................

**2) Matteus 5:38-42** –
Oor wie gaan dit hier? ..............................................................................................

Oor watter soort stukkendheid in verhoudings praat Jesus hier? ..................................................

Wat staan óns te doen? ..............................................................................................

Wat is vir ons moeilik hieraan? ..........................................................................................

**3) Matteus 5:43-47** –
Oor wie gaan dit hier? ..............................................................................................

Oor watter soort stukkendheid in verhoudings praat Jesus hier? ..................................................

Wat staan óns te doen? ..............................................................................................

Wat is vir ons moeilik hieraan? ..........................................................................................

**4) Matteus 7:1-5** –
Oor wie gaan dit hier? ..............................................................................................

Oor watter soort stukkendheid in verhoudings praat Jesus hier? ..................................................

Wat staan óns te doen? ..............................................................................................

Wat is vir ons so moeilik hieraan? ..........................................................................................

In die lig van dit alles, hoe sou ons mekaar vanjaar kon help om "in vrede met mekaar en ander" te leef? Hoe kan ons vrede "bou"?

..........................................................................................................................................................

**Ons nooi jou dus om saam te kom gesels – voel welkom! – by ...**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Wyk 1: | Louis en Marsha Oberholzer | Dickie Clark str. 16 | 16:30 |
| Wyk 2: | Pieter en Karen Klindt | Genl. Hertzogstr. 84 | 16:30 |
| Wyk 3: | Gert en Marie Nel | Kmdt. Senekalstr. 72 | 18:00 |
| Wyk 9 & 10: | Siësta om 18:00 | | |
| Wyk 15: | Serenitas Gemeenskapsaal om 16:00 | | |
| Wyk 16: | Marina Voges | Edelrood 5 | 16:00 |
| Wyk 17: | Noorderbloem Komiteekamer om 16:00 | | |
| Wyk 20: | Maggs Fullaway | Gooddalestr. 1, Waverley | 17:00 |

Alle ander wyke & belangstellendes: Jeugkamer om 18:00 (gelei deur ds. Jan Lubbe)
Jonggesinne met kleiner kinders: Kontak David-Rees Samuel by 082 950 0980